

**16 OKTOBER**

**SKRIFGEDEELTE: OPENBARING 7:9-17  
FOKUSGEDEELTE: OPENBARING 7:14-17**

**Berei nou voor vir die hemelse feesgeleentheid!**

Ons sien hulle baiekeer op die hoeke van strate en tussen die asblikke sit. Ons praat van boemelaars wat nie daarvan hou om elke dag skoon klere aan te trek nie, of hulle het net nie ander klere nie. Daarom loop hulle in hulle vuil klere en vodde. So 'n iemand gaan ons nie maklik net so aanvaar en na ons dogter se bruilofsonthaal nooi nie. Dit sal vir ons net 'n groot verleentheid wees.

Die Here hou ook nie daarvan om mense met vuil klere na die groot feesgeleentheid aan die einde van die tyd te nooi nie. Die rede daarvoor is nie omdat dit vir Hom 'n verleentheid is nie, maar omdat sulke mense nie glo nie. Hy kan dit nie verdra dat hulle hulle nie voorberei om tydens daardie ewige fees voor Hom te verskyn om Hom dag en nag as priesters te dien nie.

Die skare verlostes het hulle deeglik voorberei. Hulle het hulle klere wit gewas in die bloed van die Lam. Ons moet die wit klere wat ons van Jesus Christus ontvang, in sy bloed bleik. Ons moet ons sy verlossing in die geloof toeëien. Ons moet reageer deur te dink en te voel soos kwytskeldes, erfgename van Christus, soos kinders van God, soos mense wat nou onder die heerskappy en mag van ons Here gebring is.

Maar ons moet ons ook daaglik was sodat ons al hoe heiliger kan lewe. Ons moet al meer word wat ons in ons Here is, naamlik geheiligdes. Ons moet alles wat ons wil vuil mors, vermy en wat ons skoner laat word, gaan doen. Dit word vir ons so pragtig in Kolossense 3:5-17 beskryf. Dan sal ons eendag by hierdie groot feesgeleentheid baie welkom wees. Berei jou dan voor vir die hemelse fees wat kom. Jy sal jou nou nie verniet skrop nie!

*Sing: Psalm 81:1, 2 (1936-beryming)*

*Ds Garrie Schutte (Krugersdorp-Oos)*